

# **JAARBOEK 2014**

FAKULTEIT  
OPVOEDINGSWETENSAPPE  
VOORGRAADSE PROGRAMME  
NGOS

**Potchefstroomkampus**

## **Rig alle korrespondensie aan**

### **Voltyds/Deeltyds**

Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
Potchefstroom  
2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Faks: (018) 299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

Oop Afstandsleer:


Inbelsentrum: 018 285 5900

E-pos: [DistancePotch@nwu.ac.za](mailto:DistancePotch@nwu.ac.za)

**U STUDENTENOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.**

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov\\_man/policy/7P-Academic\\_Rules\\_a.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf).

**Let Wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.



**Dekaan: Opvoedingswetenskappe**  
Prof Robert J Balfour  
Sekretaresse

**Kwaliteitsversekering**  
Administrasie  
Finansies  
Mensekapitaal

**Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys**  
Direkteur:  
Prof BW Richter (wnd)  
Sekretaresse  
Administrasie  
Finansies

**Skool vir Opvoedkundestudies**  
Direkteur:  
Prof PJ Mentz  
Sekretaresse  
Administrasie  
Finansies

**Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys**  
Direkteur:  
Prof BW Richter  
Sekretaresse  
Administrasie  
Finansies

**Navorsing**

**Navorsingsadministrasie**  
Finansies  
Internasionalisering

**Programme**  
• BEd  
• Gr R-Diploma  
• NPOD

SWO-kampusse

**Programme**  
• BEdHons  
• NGDO  
• BOO  
• Kortleerprogramme

**Programme**  
• GOS  
• GD in Onderwys (ADE)  
• NGOS/GD in Opvoedkunde (ADT)

**SENVO**  
WIL  
Mentorskappeopleiding

**Programme:**  
• MEd  
• PhD

**Navorsingsgroepe**

**Onderwys en Menseregte in Diversiteit / Education and Human Rights in Diversity (Edu-HRight)**  
Prof C Roux

**Selfgerigte Leer / Self-Directed Learning (SDL)**  
Prof E Mentz

**Leesinisiatiewe vir Bemagtiging / Reading initiative for Empowerment (RIFE)**  
Prof C Nel

**Onderwysleierskap en werksuitieset / Education Leadership and Performance (Edu-Lead)**  
Prof J Heystek

**Tegnologie gesteunde leer in Hoër Onderwys / Technology Enhanced Learning for Higher Education (TELHE)**  
Prof S Blygnaut

**Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing / Community Based Educational Research (COMBER)**  
Prof L Wood

**Vakgerigte Projekte**

• Produktiewe onderwys aan akademies-begaafde leeders in Suid Afrikaanse onderwysstelsel  
• Verhoging van produktiwiteit in die Onderwys  
Prof H Steyn

**Establishing an Environmental management system in schools**  
Prof BW Richter, Drr S Raath, L de Sousa

**Navorsingsprofessore**  
Prof S Blygnaut; J Heystek; C Nel; L Wood

**N&O Leiers:**  
**Mentors:** Prof S Blygnaut, J Heystek, E Mentz, C Nel, H Nieuwoudt, H Steyn, H van der Walt, J van der Walt, M van der Walt, L Wood

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys

Skool vir Opvoedkundestudies

Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys

Vakgroepe	Kreatiewe en Uitvoerende Kunste vir Onderwys
	Vroeë Kinderontwikkeling
	Afrikaans vir Onderwys
	Afrikatale vir Onderwys
	Engels vir Onderwys
	Geskiedenisonderwys
	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwys
	Opvoedkundige Sielkunde en Leederondersteuning
	Lewensoriëntering
	Bewegingsonderwys
Opleiding en Ontwikkeling	
Onderwysbestuursleierskap	
Onderwysreg	
Vergelykende Opvoedkunde	
Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie	
Meganiese Tegnologie-onderwys	
Elektriese Tegnologie-onderwys	
Siviele Tegnologie Onderwys	
Ingenieursgrafika en -ontwerp vir Onderwys	
Tegnologie vir Algemene Opleidings- en Onderwysfase	
Natuurwetenskappe-onderwys	
Geografie-onderwys	
Wiskunde-onderwys	
Wiskundegeletterdheid	
Rekenaarwetenskaponderwys	

## **Inhoudsopgawe**

<b>ORGANOGRAM</b> .....	3
<b>AMPSDRAERS</b> .....	5
<b>OP.1 FAKULTEITSREËLS</b> .....	7
<b>OP.1.1 GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS</b> .....	7
<b>OP.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE, REËLS EN REGULASIES</b> .....	7
<b>OP.1.2.1 Toelatingsvereistes</b> .....	7
<b>OP.1.2.2 Samestelling van die deelnamepunt</b> .....	7
<b>OP.1.2.3 Toelating tot die eksamen</b> .....	8
<b>OP.1.2.4 Subminimum vir eksamen</b> .....	8
<b>OP.1.2.5 Eksamengeleenthede</b> .....	8
<b>OP.1.2.6 Toegang tot gemerkte eksamenwerk</b> .....	8
<b>OP.1.2.7 Slaagvereistes</b> .....	8
<b>OP.1.2.8 Modules en krediete</b> .....	8
<b>OP.1.2.9 Herhaling van modules</b> .....	9
<b>OP.1.2.10 Terminering van studie</b> .....	9
<b>OP.1.2.11 Ander reëls</b> .....	9
<b>OP.1.3 ANDER REËLS VAN TOEPASSING OP OOP AFSTANDSLEERPROGRAMME</b> .....	10
<b>OP.1.3.1 Oop Afstandsleer</b> .....	10
<b>OP.1.3.2 OAL Eksamengeleenthede</b> .....	10
<b>OP.1.3.3 Toelating tot die eksamen</b> .....	10
<b>OP.1.3.4 Deelnamebewys</b> .....	10
<b>OP.1.3.5 Berekening van die modulepunt</b> .....	11
<b>OP.1.3.6 Onbevredigende akademiese vordering</b> .....	11
<b>OP.1.3.7 Terminering van studie van OAL-studente</b> .....	11
<b>OP.1.4 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT</b> .....	11
<b>OP.1.5 KAPASITEITSBEPALINGS</b> .....	11
<b>OP.1.6 ERKENNING VAN VORIGE LEER</b> .....	11
<b>OP.1.7 VORDERINGSVEREISTES</b> .....	11
<b>OP.1.8 BYKOMENDE MODULES</b> .....	12
<b>OP.1.9 SKOLE IN DIE FAKULTEIT</b> .....	12
<b>OP.1.10 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS</b> .....	12
<b>OP.1.11 REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)</b> .....	15
<b>OP.1.11.1 Duur van studie</b> .....	15
<b>OP.1.11.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie</b> .....	15
<b>OP.1.11.3 Lys van modules</b> .....	17
<b>OP.1.11.4 Kurrikulum: O160P – NGOS Senior en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase</b> .....	19
<b>OP.1.11.4.1 Kurrikulum uitkomst</b> .....	19
<b>OP.1.11.4.2 Kurrikulum samestelling: O160P: Kontak</b> .....	20
<b>Kurrikulum samestelling: O160P: Oop Afstandsleer</b> .....	22
<b>OP.2 MODULE-UITKOMSTE</b> .....	24

## **Fakulteit Opvoedingswetenskappe: Ampsdraers**

### **Uitvoerende Dekaan**

Prof RJ Balfour (BA, BAHons, HDE (PGCE), MA, PhD)

### **Direkteure van die Skole / Navorsingseenheid**

#### **Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys**

Prof BW Richter (BA, BAHons, MA, PhD, UOD)

#### **Skool vir Opvoedkundestudies**

Prof PJ Mentz (BA, HOD (Nagraads), BEd, MEd, DEd, DTO)

#### **Skool vir Geesteswetenskappe**

Prof BW Richter (Waarnemende Direkteur) (BA, BAHons, MA, PhD, UOD)

### **Navorsingsfokusarea Onderrigleerorganisasies**

Prof CD Roux (BA, BAHons, SOD, MA, DPhil)

### **Administratiewe Bestuurder**

Me AMC Cloete

### **Kwaliteitsbestuurder**

Me V Claassen

### **Dagbestuur van die Fakulteit**

Prof RJ Balfour (*Voorsitter*)

Prof BW Richter

Prof PJ Mentz

Prof CD Roux

Dr HJ van Vuuren (EOAL-personeel)

Me V Claassen (Kwaliteitsbestuurder)

Me JM van Heerden (Finansiële Beampte)

Mnr J Liebenberg (Bedryfshoof)

Me AMC Cloete (Administratiewe Bestuurder) (Notulehouer)

### **Fakulteitsraad**

Uitvoerende Dekaan (*Voorsitter*)

Direkteure van die skole en Navorsingsfokusarea

Fakulteitsverteenwoordigers in Kampussenraad

Fakulteitsverteenwoordigers in Institusionele Senaat

Navorsingsprofessore van die skole en Fokusarea

Programleiers:

- MEd en PhD
- BEdHons
- NGDO (PGDE)
- BOO (BTD)
- NGOS
- BEd
  - Grondslagfase
  - Intermediêre en Seniorfase
  - Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase
  - Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Tegnologie)
- GOS
- NPOD
- Graad R-Diploma
- Kortleerprogramme

- Professionele Ontwikkeling

Vakgroepvoorsitters

Administratiewe Bestuurder (Notulehouer)

Kwaliteitsbestuurder

Hoof: Bedryf en Administrasie

Voorsitters van Fakulteitsraadkomitees

Studenteverteenvoordigers

Verteenwoordiger van die Fakulteit Natuurwetenskappe

#### **KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE FAKULTEIT**

Telefoonnommer: 018 299 1766

E-posadres: [Edu-EnquiryPotch@nwu.ac.za](mailto:Edu-EnquiryPotch@nwu.ac.za)

## OP.1 FAKULTEITSREÛLS

### OP.1.1 GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE-REÛLS

Programspesifieke vereistes, prosedures en strukture is in die onderskeie programdokumente uiteengesit en word elke jaar in die jaarboeke van die Fakulteit opgeneem. U word verwys na die fakulteitsreëls, waar van toepassing, soos in die dokument uiteengesit.

Die fakulteitsreëls, wat op die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit van toepassing is en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met die Algemene Akademiese Reëls saam gelees word.

Die struktuur, metode van aflewering en aanbiedingswyse van elke program is in die onderskeie programdokumente vervat wat onderhewig is aan die beleid wat deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) van die NWU opgestel is en in ooreenstemming is met die vereistes van die Raad op Hoër Onderwys (RHO), die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK), die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-owerheid (SAKO).

### OP.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REÛLS EN REGULASIES

Die **onderrigbeleid** van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is saamgestel in ooreenstemming met die visie en missie van die Noordwes-Universiteit. Prosedures ten opsigte van kwaliteitversekering in die Fakulteit (die Onderrig- en Leerbeleid asook Assesserings- en Modereringsbeleid) is op die web beskikbaar by:

- (a) [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-fes/Documents/Riglyn\\_Onderrig\\_en\\_Leer\\_November\\_2009.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-fes/Documents/Riglyn_Onderrig_en_Leer_November_2009.pdf);
- (b) [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-fes/Documents/Riglyn\\_Assesserings\\_en\\_Moderering\\_November2009.pdf](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-fes/Documents/Riglyn_Assesserings_en_Moderering_November2009.pdf).

Die **navorsingsbeleid** van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is saamgestel in ooreenstemming met die visie en missie van die Noordwes-Universiteit. Ons prioriteite is die ontwikkeling van akademieskap, asook die handhawing van relevante, innoverende, toonaangewende en gefokusde navorsing om die uitdagings van die onderwys nasionaal en internasionaal aan te spreek.

Die webblad van die Navorsingsfokusarea, Fakulteit Opvoedingswetenskappe:  
<http://www.nwu.ac.za/p-retlo/welc.html>.

#### OP.1.2.1 Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies aangebied deur die Universiteit word uiteengesit in die Toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die Senaat en Raad van die Universiteit. ([http://www.nwu.ac.za/webfm\\_send/24749](http://www.nwu.ac.za/webfm_send/24749)).

#### OP.1.2.2 Samestelling van die deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte. Berekening van die deelnamepunt is program-, module- en afleweringsmetode-spesifiek.
- b) Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die betrokke studiegids.

### **OP.1.2.3 Toelating tot die eksamen**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys en/of 'n deelnamepunt (afhangedig die vereistes van die module). (Algemene Akademiese Reëls A2.4.2, voorgraads; A3.4.2, honneursgraad; A4.4.2, MEd; en A5.4.2, PhD.)
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter/programleier, voldoen het aan die vereistes daarvoor. Die vereistes word in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit sowel as by die module-uitkomste in hierdie jaarboek.

### **OP.1.2.4 Subminimum vir eksamen**

Die subminimum vir eksamens in alle modules is 40% tensy daar voorsiening gemaak word vir 'n hoër subminimum in die fakulteitsreëls.

### **OP.1.2.5 Eksamengeleenthede**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Akademiese Reëls A2.4.4 (voorgraads), A3.4.4 (honneursgraad), A4.4.6 (MEd) en A5.4.6 (PhD).

Volgens A-Reël A.2.4.2 word enige student wat die nodige deelnamebewys of deelnamepunt verwerf het, toegelaat tot die eksamen in die betrokke module.

Geen NGOS modules word van 'n tweede eksamengeleentheid uitgesluit nie.

### **OP.1.2.6 Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

'n Student mag by die skooldirekteur aansoek doen om insae in die antwoordstel asook die memorandum te verkry in die teenwoordigheid van die betrokke dosent en vakvoorsitter (verwys na A-reël A.2.4.9).

Aansoek om insae in antwoordstelle te verkry moet binne 'n maksimum tydperk van 5 werksdae nadat punte beskikbaar gemaak is, gedoen word.

### **OP.1.2.7 Slaagvereistes**

- a) Die bepalinge van A-reëls A.2.4.3.1, A.2.4.3.2, A.2.4.3.3 en A.2.4.3.4, en al die subparagrafe, is van toepassing.
- b) Die modulepunt word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die module-uitkomste in die jaarboek.
- c) Die modulepunt wat vereis word vir 'n slaagpunt in 'n module waarin eksamen geskryf word, is 50%.
- d) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40% (A-Reël A.2.4.3.3), behalwe indien dit anders bepaal word in die reëls vir spesifieke programme en kurrikula.
- e) Aanpassing van die modulepunt vir 'n eerstesemestermodule waarin 'n eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, mag oorweeg word in ooreenstemming met die bepalinge van A-Reël A.2.4.3.4.
- f) A-Reël A.2.5.2 bepaal die vereistes vir die slaag van 'n module/kurrikulum/kwalifikasie met onderskeiding.
- g) 'n Slaagpunt vir 'n kurrikulum word bereik indien al die modules van die program individueel geslaag is (A-Reël A.2.5.1).

### **OP.1.2.8 Modules en krediete**

- a) Vakke word aangebied aan die hand van modules waaraan 'n bepaalde kredietwaarde toegeken is.
- b) Elke module het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld AFRD 511 – Afrikaansmetodiek.
- c) Modules dra elkeen 'n bepaalde 'gewig' bekend as krediet.
- d) Elke module moet afsonderlik geslaag word.



- e) Program-spesifieke reëls geld (pas toe volgens die betrokke Jaarboek). Sien OP1.3 van hierdie jaarboek vir reëls van OAL-programme.
- f) Aflewerings-spesifieke reëls geld (pas toe volgens die betrokke Jaarboek). Sien OP1.3 van hierdie jaarboek vir reëls van OAL-programme

### OP.1.2.9 Herhaling van modules

Indien 'n student 'n eksamen in 'n bepaalde module druij, moet die student ooreenkomstig Fakulteitsreël 3.3.2.4 die module herhaal.

In alle modules mag 'n student ooreenkomstig A-reëls A.2.4.4.1, A.2.4.4.2 en A.2.4.4.3 twee eksamengeleenthede benut.

Ooreenkomstig A-reël A.2.4.4.5 mag 'n student wat een uitstaande module benodig om 'n kwalifikasie te voltooi, die dekaan skriftelik versoek om 'n finale assesseringsgeleentheid toe te staan op voorwaarde dat sodanige student vir die module geregistreer is en toelating vir die module het.

### OP.1.2.10 Terminering van studie

Die studie van 'n student kan beëindig word op grond van die voorskrifte van Algemene Akademiese Reëls A2.4.8 (voorgraads), A3.4.6 (honneursgraad), A4.4.10 (MEd) en A5.4.10 (PhD).

### OP.1.2.11 Ander reëls

**Metode van aflewering:** Hierdie kwalifikasie kan voltyds of deur Oop Afstandsl eer (OAL) geneem word.

#### Gerigte waarneming

- a) Studente moet voor die aanvang van die kursus minstens twee weke lank 'n goedgekeurde skool vir werksverwante opleiding bywoon.
- b) Indien daar grondige redes is waarom 'n student nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan dit vroeër/later met skriftelike goedkeuring van die Direkteur gedoen word.
- c) OAL studente doen hulle gerigte waarneming by die skool waar hulle hul werkgeïntegreerde leer doen.

#### Werkgeïntegreerde leer

##### Voltydse studente:

- a) Alle kampus en OAL studente moet deelneem aan die **werkgeïntegreerde leer** program. Die **werkgeïntegreerde leer** van die voltydse program verskil van die afstandsonderrigprogram. Alle studente moet egter in totaal 9 weke (waarneming ingesluit) **werkgeïntegreerde leer** voltooi voordat 'n sertifikaat toegeken kan word.
- b) **Werkgeïntegreerde leer** vereis addisionele koste wat self deur studente gedra moet word. Die kostes is nie ingereken by klasgelde nie.

##### OAL studente

- a) Alle OAL studente is verplig om nege weke praktiese onderwys in 'n skool te voltooi, waarvan drie weke opeenvolgend moet wees. Hierdie praktiese komponent vorm deel van die module EDCC 523, dus moet die student bewys lewer van die voltooide prakties voordat 'n sertifikaat aan die student uitgereik kan word.
- b) Dit is die verantwoordelikheid van die student om toestemming te verkry van die skool waar die prakties voltooi sal word.
- c) Alle kontaksessies vir die NGOS sal gefasiliteer word deur interaktiewe witborde wat geïnstalleer is by kontaksentrums regoor Suid-Afrika. Alle datums en roosters sal in die inligtingsboekies verskaf word wat aan die student gegee word as hy/sy registreer. Studente hoef nie kontaksessies te bespreek nie. Studente kan ook die winter- en somerskool by enige sentrum in Suid-Afrika (soos uiteengesit in die inligtingsboekie)

bywoon. Die winter- en somerskool sal gedurende Julie en Desember van elke akademiese jaar plaasvind.

### **Verwerwing van taalendossemente**

Alle studente moet twee (2) taalendossemente verwerf. Studente (Nie-moedertaalsprekers) kry op grond van die feit dat matriek geslaag is en 'n eerste graad voltooi, outomaties a, e en t. Nie-moedertaalsprekers wat wil kwalifiseer vir A, E en T moet aanmeld vir 'n taalbevoegdheidstoets waarvoor addisioneel betaal moet word. Moedertaalsprekers moet ook aanmeld vir 'n outomatiese A, E of T. Studente wat in die moeder- / eerste taal ten minste 24 krediete behaal het kry 'n A, E of T ens.

## **OP.1.3 ANDER REËLS VAN TOEPASSING OP OOP AFSTANDS-LEERPROGRAMME**

### **OP.1.3.1 Oop Afstandsl eer (OAL)**

Oop Afstandsl eer (OAL) verwys na 'n afleweringmodus en onderrig- en leerbenadering wat fokus op verhoogde toeganklikheid tot onderwys en opleiding waardeur moontlike hindernisse soos tyd, plek en leertempo verwyder word.

'n OAL-program verwys na enige af-kampus program wat deur NWU aangebied word en gerig is daarop om afstand tussen die NWU en die studente te oorbrug wat die OAL modus verkies. Buigsame intrede beteken dat studente enige tyd van die jaar kan registreer, met dienverstande dat minimum en maksimum studietydperke van toepassing is. Studente skryf eksamen gedurende eksamentydperke soos bepaal deur die Eenheid vir Oop Afstandsl eer. Hierdie programme vereis onafhanklike selfgerigte studie deur studente terwyl studente-ondersteuning beskikbaar is in die vorm van periodieke gestruktureerde akademiese kontakgeleenthede bv. Somer- en Winterskool, interaktiewe witbordsessies asook fasiliteringsessies vir geselekteerde modules, by sentra regdeur die land, toepaslike OAL-studiemateriaal en geleenthede tot multimedia en persoonlike interaksie met akademiese personeel en fasiliteerders.

### **OP.1.3.2 OAL Eksamengeleenthede**

OAL eksamengeleenthede word geskeduleer gedurende Maart/April asook September/Oktobre van elke jaar. Studente kan jaarliks enige module gedurende die eerste of tweede eksamengeleentheid skryf. Eksameninligting word aan studente gekommunikeer deur middel van relevante programinligtingsboekies, persoonlike eksamenskedules, eksamenbriewe, die NWU en OLG webtuistes, MOODLE sowel as Mobisite. Aantal eksamengeleenthede per module word bepaal deur die maksimum studietydperk van die kwalifikasie waarvoor die student geregistreer is.

### **OP.1.3.3 Toelating tot die eksamen**

Volgens A-Reël A.2.4.2 word enige student wat die nodige deelnamebewys of deelnamepunt verwerf het, toegelaat tot die eksamen in die betrokke module. Indiening van een werkstuk sal aan 'n student toegang tot 'n tweede eksamengeleentheid bied sou hy/sy die eerste geleentheid nie slaag nie.

### **OP.1.3.4 Deelnamebewys**

"Deelnamepunt" beteken die punt wat aan die student toegeken is binne 'n voorgeskrewe tydperk deur wyse van formatiewe assessering vir die voltooiing van daardie onderrig-leer aktiwiteite wat benodig word as deel van studie in die module.

'n Deelnamepunt vir modules van OAL-programme word behaal deur die suksesvolle afhandeling en verkryging van 'n werkopdragpunt vir voorgeskrewe werkopdragte soos gestipuleer in elke module-spesifieke tutoriale brief.

'n Werkopdragpunt behaal in 'n spesifieke module mag gebruik word as deelnamepunt met die oog op 2 eksamengeleenthede. Indien nie een van die betrokke twee eksamens in die module suksesvol afgelê word nie, moet die student 'n nuwe werkopdrag inhandig ten einde 'n

deelnamepunt te verwerf en sodoende toegang te kry tot 'n 3de eksamen geleentheid in die module.

#### **OP.1.3.5 Berekening van die Modulepunt**

'n Modulepunt is 'n punt wat bereken word volgens 'n formule wat bepaal word vir elke module in terme van die fakulteitsreëls wat gebaseer is op die deelname- en eksamenpunt wat toegeken word aan 'n student in 'n spesifieke module; op voorwaarde dat die gewig van die punt in die bogenoemde formule nie minder as 30% en meer as 70% mag wees nie.

In die berekening van die modulepunt in alle modules van die NGOS, tensy pertinent anders genoem by die vereistes vir 'n bepaalde module, dra die deelnamepunt 'n gewig van 50% en die eksamenpunt 'n gewig van 50% by tot die finale modulepunt.

#### **OP.1.3.6 Onbevredigende akademiese vordering**

'n Student wie se akademiese vordering onbevredigend is ontvang 'n formele waarskuwing vanaf die Uitvoerende Direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer. As vordering steeds nie na wense is nie, kan daar in gevolge Akademiese Reëls A2.4.8 en A3.4.6 met die student gehandel word (terminering van studie).

#### **OP.1.3.7 Terminering van studie van OAL-studente**

Minimum- en maksimumduur van studietydperke vir die verskillende kwalifikasies word in die jaarboek aangedui en die inligtingsbrosjures vir sulke kwalifikasies. Ses maande voordat die maksimumduur van 'n kwalifikasie oorskry word en 'n student se studies finaal getermineer word, sal die student 'n brief ontvang van die Uitvoerende Direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer om hom/haar te herinner aan die twee finale eksamen geleenthede wat suksesvol afgehandel moet word. As daar steeds modules uitstaande is na die twee eksamen geleenthede moet die studie van sodanige student getermineer word in terme van A-Reël A.2.4.8 en A.3.4.6.

Slegs in uitsonderlike gevalle en dan aan die hand van onbetwisbare bewyse sal die Uitvoerende Direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer op spesiale versoek van 'n student wie se studies getermineer is, nog een eksamen geleentheid toestaan om enkele uitstaande modules af te handel.

#### **OP.1.4 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

[http://www.puk.ac.za/opencms/expoort/PUK/html/beheer-bestuur/beleid-reels/WAARSKUWING\\_TEEN\\_plagiaat.pdf](http://www.puk.ac.za/opencms/expoort/PUK/html/beheer-bestuur/beleid-reels/WAARSKUWING_TEEN_plagiaat.pdf).

#### **OP.1.5 KAPASITEITSBEPALINGS**

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

#### **OP.1.6 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Erkenning van vorige leer geskied volgens A-reël A.2.3.2 (A.2.3.2.1 – A.2.3.2.4). Enige student wat 'n module nie slaag nie moet die module herhaal om 'n nuwe deelnamepunt te verkry. Klasse moet bygewoon word en geen vrystelling van klasse sal gegee word indien roosterbotsings voorkom nie.

#### **OP.1.7 VORDERINGSVEREISTES**

Finale jaar studente wat nie al die voorgeskrewe modules van die kurrikulum geslaag het nie, mag registreer vir die uitstaande modules op voorwaarde dat dit nie 32 krediete per semester oorskry nie. Klasse moet bygewoon word en geen vrystelling van klasse sal gegee word indien roosterbotsings voorkom nie.

### OP.1.8 BYKOMENDE MODULES

'n Student word toegelaat om addisionele modules te neem (32 krediete per semester), op voorwaarde dat die student geen uitstaande modules in die kurrikulum het nie. Klasse moet bygewoon word en geen vrystelling van klasse sal gegee word indien roosterbotsings voorkom nie.

Studente met uitstaande modules in die kurrikulum word toegelaat om 16 krediete per semester addisioneel te neem. Klasse moet bygewoon word en geen vrystelling van klasse sal gegee word indien roosterbotsings voorkom nie.

### OP.1.9 SKOLE IN DIE FAKULTEIT

Skool	Vakgroep
Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys	<ul style="list-style-type: none"><li>o Afrikatale vir Onderwys</li><li>o Afrikaans vir Onderwys</li><li>o Ekonomiese en Bestuurswetenskappe- onderwys en Geskiedenis- onderwys</li><li>o Engels vir Onderwys</li><li>o Kreatiewe en Uitvoerende Kunste vir Onderwys</li><li>o Vroeë Kinderontwikkeling</li></ul>
Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys	<ul style="list-style-type: none"><li>o Geografie- onderwys</li><li>o Natuurwetenskappe- onderwys</li><li>o Rekenaarwetenskap- onderwys</li><li>o Tegnologie vir Onderwys</li><li>o Wiskunde- onderwys</li><li>o Wiskundegeletterdheid</li></ul>
Skool vir Opvoedkunde	<ul style="list-style-type: none"><li>o Bewegings- onderwys</li><li>o Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie</li><li>o Lewensoriëntering</li><li>o Opvoedkundige Sielkunde en Leerderondersteuning</li><li>o Opleiding en Ontwikkeling</li><li>o Onderwysbestuurs- leierskap</li><li>o Onderwysreg</li><li>o Vergelykende Opvoedkunde</li></ul>

### OP.1.10 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

Die Universiteit is bevoeg om die volgende grade, sertifikate en diplomas wat in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aangebied word, toe te ken:

- Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS)
- Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD)
- Graad R Diploma (Hangende SAKO (SAQA)-raad goedkeuring)
- *Baccalaureus Educationis* (BEd)
- Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS)
- Baccalaureus in Opleiding en Ontwikkeling (BTD) (MHO)
- *Honores Baccalaureus Educationis* (BEdHons)
- *Magister Educationis* (MEd)
- *Philosophiae Doctor* (PhD)

**Vanaf 2015 sal die Gevorderde Diploma in Onderwys die NGOS vervang.**

NAGRAADSE SERTIFIKAAT				
KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS)	Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Graad 7-12): 424 107	Sien 1.11.4 O160P	Voltyds OAL	6 hangende 7

**Die uitfaseer, met laaste inname van ou programme en die infaseer van nuwe programme**

**Kontakprogramme**

Program	Tydsduur	Uitfaseer met laaste inname	Nuwe programme en infaseerdatum*
Baccalaureus Educationis (BEd)	4 jaar	BEd-program se finale inname is Januarie 2014 en faseer uit teen Desember 2018.	Nuwe BEd-program word vanaf 2015 aangebied.
Baccalaureus Training and Development (BTD)	3 jaar	n.v.t.	n.v.t.
Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS)	1 jaar	NGOS-program se finale inname is Januarie 2014 en faseer uit teen Desember 2017.	Gevorderde Diploma in Onderwys -program word vanaf 2015 aangebied
Gevorderde Diploma in Onderwys	1 jaar	n.v.t.	Word vanaf 2015 in die plek van die NGOS-program aangebied.
Honoris Baccalaureus Educationis (HonsBEd) NKR-vlak 8	1 jaar	n.v.t.	n.v.t.
Magister Educationis (MEd)	2 jaar	n.v.t.	n.v.t.
Philosophiae Doctor (PhD)	3 jaar	n.v.t.	n.v.t.

## OAL-programme

Program	Tydsduur	Uitfaseer met laaste inname	Nuwe programme en infaseerdatum *
Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS)	Minimum 1 jaar, maksimum 3 jaar	Die finale inname vir die GOS-program is Oktober 2015 en faseer uit teen Oktober 2018. (Goedgekeur: DvHO, 25/07/2013)	Gevorderde Diploma in Opvoedkunde-program word vanaf April 2015 aangebied.
Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD)	Minimum 3 jaar, maksimum 4 jaar	Die finale inname vir die NPOD-program is Julie 2014 en faseer uit teen Julie 2018. (Goedgekeur: DvHO 25/07/2013.)	n.v.t.
Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS)	Minimum 1 jaar, maksimum 3 jaar	NGOS-program se finale inname is Julie 2014 en faseer uit teen Julie 2017.	Gevorderde Diploma in Onderwys-program word vanaf April 2015 aangebied.
Baccalaureus Educationis-opgradering (BEd-opgradering)	Minimum 2 jaar, maksimum 3 jaar	Finale inname was Oktober 2012. Program faseer uit teen einde 2014.	n.v.t.
Baccalaureus Educationis (BEd)	Minimum 4 jaar, maksimum 6 jaar	n.v.t.	Word vanaf 2015 aangebied.
Honoris Baccalaureus Educationis (HonsBEd) NKR vlak 7	Minimum 2 jaar, maksimum 3 jaar	Finale inname is Oktober 2015. Program faseer uit teen Oktober 2018	n.v.t.
Nagraadse diploma in Opvoedkunde (NGDO)	Minimum 2 jaar, maksimum 3 jaar	n.v.t.	Word vanaf 2015/2016 aangebied.

Graad R-diploma	Minimum 3 jaar, maksimum 4 jaar	n.v.t.	Word vanaf Oktober 2013 aangebied.
Gevorderde diploma in Opvoedkunde	Minimum 1 jaar, maksimum 3 jaar	n.v.t.	Word vanaf die begin van April 2015 aangebied. (Twee kurrikulums, nl. Onderwysleierskap & Leerderondersteuning.)
Gevorderde sertifikaat in Onderwys	Minimum 1 jaar, maksimum 3 jaar	n.v.t.	Word vanaf Oktober 2014 aangebied.
Gevorderde diploma in Onderwys	Minimum 1 jaar, maksimum 2 jaar	n.v.t.	Gevorderde diploma in Onderwys-program word vanaf April 2015 aangebied.

\* Die aanbied van nuwe programme is onderhewig aan die goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Hoër Onderwys Kwalifikasieraad en die Suid Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid.

## OP.1.11 REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)

### Kontak- en OAL-programme

Die NGOS dien as 'n verdere professionele afrondingskwalifikasie vir kandidate wat 'n toepaslike 360- of 480-krediet baccalaureusgraad voltooi het en tot die onderwysprofessie wil toetree.

Studente wat hierdie kwalifikasie, met 'n gefokusde visie op klaskamerpraktyk verwerf, is in staat om bewys te lewer van die kontekstuele rolle en vaardighede van 'n effektiewe onderwyser.

Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf graad 7 tot 12 onderrig gee.

### OP.1.11.1 Duur van studie

**Kontakprogram:** Die minimumduur van studie is een jaar en die maksimumduur is twee jaar.

**Oop Afstandsleerprogram:** Die minimum duur van die studie is 1 jaar (2 eksamen geleenthede en die maksimumduur is drie (3) jaar (6 eksamen geleenthede).

### OP.1.11.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal uit 360 krediete bestaan, en wat eindig op NKR-vlak 6 en minstens twee skoolvakke insluit.

Studente moet ook in staat wees om twee metodieke te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf. Die samestelling van die kwalifikasie kan een van die volgende wees:

('n Erkende skoolvak is 'n vak wat in die amptelike lys van skoolvakke van die Departement van Basiese Onderwys opgeneem is.)

- 'n erkende skoolvak op vlak 3 + 'n erkende skoolvak op vlak 1;
- twee erkende skoolvakke op vlak 2; of
- 'n erkende skoolvak op vlak 2 + twee erkende skoolvakke op vlak 1

In die geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die twee neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is. In die geval van Tale moet die toepaslike taal op vlak 2 wees.

### Uitsonderings:

- 'n Student wat **Lewenswetenskappe** as metodiek wil neem moet een van die volgende vakke, Plantkunde, Dierkunde of Fisiologie op vlak 3 hê en 'n ander op vlak 2 vir toelating tot die NGOS.

Studente met slegs Fisiologie of Plantkunde of Dierkunde as hoofvak word voorwaardelik tot die NGOS toegelaat totdat die student 'n maksimum van drie (3) addisionele modules, naamlik LIFE 311, LIFE 121 en/of LIFE 211 geslaag het. (Die aantal addisionele modules word op individuele basis deur die Fakulteit Opvoedingswetenskappe bepaal.) Student wat slegs kwalifiseer om Lewenswetenskappe as skoolvak aan te bied, sal die NGOS met Metodiek van Lewenswetenskappe en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskappe ontvang. Hierdie studente moet registreer vir LIFD511 en LAND 521 sowel as LAND 411 en ADSD 521. (Slegs van toepassing op kontakprogram.)

- 'n Student wat **Fisiesewetenskap** as metodiek wil neem moet een van Chemie of Fisika op graadvlak 3 vir toelating tot die NGOS aanbied en die ander ten minste op vlak graadvlak 1. As alternatief kan Chemie en Fisika beide op graadvlak 2 vir toelating aangebied word. Student wat slegs kwalifiseer om Fisiesewetenskap as skoolvak aan te bied, moet registreer vir PHSD 511 en LAND 521 sowel as LAND 411 en ADSD 521. Hierdie studente sal die NGOS met Metodiek van Fisiesewetenskap en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskappe ontvang.



- 'n Student wat die metodiek van Wiskunde wil neem, moet Wiskunde op vlak 2 geslaag het, andersins kan Wiskunde op vlak 1 saam met een van die volgende op vlak 2 aangebied word: Statistiek, Wiskundige Statistiek, Toegepaste Wiskunde en Finansiële Wiskunde.

'n Student wat slegs Wiskunde as hoofvak het, sal registreer vir MATD511, MATD521 en ook MATD411 en ADSD521. (Slegs van toepassing op kontakprogram.)

- 'n Student wat die Metodiek van Lewensoriëntering wil neem, moet twee van die volgende vakke op graadvlak geneem het: Sosiologie, Sielkunde, Politieke Studies, Menslike Bewegingskunde, Arbeid -en Industriële studies, Menseregte, Etiek en Voeding. Die student moet dan steeds ook 'n tweede skoolvak op graadvlak geneem het vir die tweede metodiek.
- 'n Student wat die Metodiek van Tale wil neem, moet dit ten minste op graadvlak 3 geslaag het.
- Studente wat nog nie hulle eerste graad voltooi het nie, kan by uitsondering toegelaat word. Studente moet spesiaal daarvoor aansoek doen by die Direkteur.

*Opmerking:*

1. Die DP 40% dui op 'n deelnamepunt van 40% gedurende die semester.
2. Studente wat B.Mus en BA Musiek en Samelewing verwerf het, neem LAAD511 en LAAD521 en ADSD521. Hierdie studente kry vrystelling van Musiekvakmetodiek (MSVD511) op grond van modules reeds geslaag in B.Mus en BA Musiek en Samelewing.

### OP.1.11.3 Lys van modules

Modulekode	Modulenaam	Voorvereiste	Kr
ACCD511	Rekeningkundemetodiek (OAL)	Rekeningkunde vlak 1	12
ADSD521	Aanvullende Metodiek: Kreatiwiteit vir Opvoeders (OAL)		12
AFRD511	Afrikaansmetodiek	Afrikaans vlak 3	12
AFRD521	Afrikaansmetodiek	Afrikaans vlak 3	12
AFTB521	Afrikaanstaalbevoegdheid (OAL)		1
ARTD511	Kunsmetodiek	Kunsgeskiedenis en Beeldende of Grafiese kuns vlak 2 Indien 'n student slegs Kunsgeskiedenis gehad het, kan bewys van praktiese vaardighede d.m.v die inhandiging van 'n portefeulje geskied. Indien bevind word dat student nie oor die nodige praktiese vaardighede beskik nie, moet twee van die volgende modules addisioneel geslaag word: ARTE221, ARTE311, ARTE321	12
BSTD511	Besigheidstudiesmetodiek (OAL)	Ondernemingsbestuur vlak 1	12
CATD511	Rekenaartoepassingstegnologiemetodiek	Inligtingstegnologie / Rekenaarwetenskap vlak 1	12
CTED521	Siviele Tegnologie metodiek	TTED511	12
COMF411	Rekenaars in die Onderwys (OAL)		8
ECOD511	Ekonomie Metodiek (OAL)	Ekonomie vlak 1	12
EDCC511	Opvoedkundeteorie (OAL)		8
EDCC512	Assessering (OAL)		8
EDCC513	Professionele Studies (OAL)		8
EDCC521	Opvoedkundige Sielkunde (OAL)		12
EDCC522	Onderwysreg, -stelsels en -bestuur (OAL)		12
EDCC523	Professionele Studies (OAL)		8
EGDD511	Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek	Grafika of ander toepaslike modules vlak 2	12
EGDD521	Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek		12
ENGD511	English Methodology (OAL)	Engels vlak 3	12
ENGD521	English Methodology (OAL)	Engels vlak 3	12
ENTB521	English Language Proficiency (OAL)		1
ETED521	Elektriese Tegnologie metodiek	TTED511	12
GEOD511	Geografiemetodiek (OAL)	Geografie vlak 1	12
HISD511	Geskiedenismetodiek (OAL)	Geskiedenis vlak 1	12
INTD511	Inligtingstegnologiemetodiek	Inligtingstegnologie / Rekenaarwetenskap vlak 2	12
LAAD511	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek (OAL)		12
LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek (OAL)		12
LABD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemetodiek (OAL)		12

LAND521	Leerarea Natuurwetenskappemetodiek		12
LASD521	Leerarea Sosialewetenskappemetodiek (OAL)		12
LIFD511	Lewenswetenskappemetodiek	Een van Plantkunde, Dierkunde of Fisiologie op vlak 3 en 'n ander op vlak 2. Studente met slegs Fisiologie of Plantkunde of Dierkunde as hoofvak word voorwaardelik tot die NGOS toegelaat totdat die studente maksimum drie (3) addisionele modules, naamlik LIFE311, LIFE121 en/of LIFE211 geslaag het.	12
LIFF521	Lewensvaardighede (OAL)		12
LLOD511	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek (OAL)	Sielkunde+Menslike bewegingskunde+Sosiologie op vlak 2 (sien verdere vereistes onder OP 1.11)	12
LLOD521	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek (OAL)		12
MATD511	Wiskundemetodiek (OAL)	Wiskunde vlak 2 (sien OP 1.11)	12
MATD521	Wiskundemetodiek (OAL)	Wiskunde vlak 2	12
MSVD511	Musiekmetodiek (OAL)	B.Mus	12
MTED521	Meganiese Tegnologie metodiek	TTED511	12
PHSD511	Fisiese Wetenskappemetodiek	Fisika 3 + Chemie vlak 1 OF Fisika 1 + Chemie vlak 3 OF Fisika 2 + Chemie vlak 2	12
RSVD511	Religiestudiesmetodiek	Enige religie op vlak 1, Sosiale Antropologie	12
SEMD511	Setswanametodiek (Moedertaal)	Setswana vlak 2	12
SEMD521	Setswanametodiek (Moedertaal)	Setswana vlak 2	12
SEND511	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal) (OAL)	Setswana vlak 2	12
SEND521	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal) (OAL)	Setswana vlak 2	12
SSTB521	Sesotho taalbevoegdheid (OAL)		1
TECD521	Leerarea Tegnologiemetodiek	VWVD511	12
TGNO511	Tegnologie (OAL)		8
TGNO521	Tegnologie (OAL)		8
TRVD511	Toerismemetodiek	Toerisme vlak 1	12
TTED511	VOO Tegnologie Metodiek	Tegniese kwalifikasie met Elektriese, Meganiese of Siviele Tegnologie op vlak 2	12
TWTB521	Setswana Taalbevoegdheid (OAL)		1
VRTB521	Vreemde Tale bevoegdheid (OAL)		1
VWVD511	Verbruikerswetenskappe Metodiek	B.Sc. Verbruikerswetenskappe	12
*ZOND511	Zoeloemetodiek	Zoeloe vlak 2	12
*ZOND521	Zoeloemetodiek	Zoeloe vlak 2	12
ZOTB521	Zoeloe Taalbevoegdheid (OAL)		1

\* Word nie in 2014 aangebied nie

## OP.1.11.4 Kurrikulum: O160P – NGOS Senior en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase

### OP.1.11.4.1 Kurrikulum uitkomst

Na voltooiing van die program sal die studente toegerus en bemagtig word om:

- kennis en begrip van opvoedkundige teorie en praktyk te ontwikkel en te demonstreeer;
- opvoedkundige teorie met toegepaste vaardighede te kan integreer;
- beplanning, ontwikkeling en implementering van leerprogramme in die Senior en Verdere Onderwys- en Opleidingsfases te demonstreeer en as assesseerder en leerfasiliteerder van leer op te tree;
- as verantwoordelike, onafhanklike en deelnemende lede van die professionele opvoedkundige gemeenskap, vaardighede, gesindhede en waardes in 'n diverse en veranderende nasionale en internasionale konteks te ontwikkel en te demonstreeer;
- kritiese, kreatiewe en reflektiewe probleemoplossingsvaardighede in die opvoedkundige en sosiale konteks te ontwikkel en demonstreeer.

### OP.1.11.4.2 Kurrikulumsamestelling: O160P: Kontak

Semester 1			Semester 2		
Modulekode	Modulenaam	Kr	Modulekode	Modulenaam	Kr
<b>Fundamentele modules</b>			<b>Fundamentele modules</b>		
COMF411	Rekenaars in die Onderwys	8	LIFF521	Lewensvaardighede	12
TGNO511	Tegnologie	8	TGNO521	Tegnologie	8
<b>Kern modules</b>			<b>Kern modules</b>		
EDCC511	Opvoedkundeteorie	8	EDCC521	Opvoedkundige Sielkunde	12
EDCC512	Assessering	8	EDCC522	Onderwysreg, -stelsels en -bestuur	12
EDCC513	Professionele studies	8	EDCC523	Professionele studies	8
			<b>Kies twee van die volgende</b>		
			AFTB521	Afrikaanstaalbevoegdheid	1
			ENTB521	English Language Proficiency	1
			TWTB521	Setswana Taalbevoegdheid	1
			SSTB521	Sesotho Taalbevoegdheid	1
			ZOTB521	Zoeloe Taalbevoegdheid	1
<b>TWEE van die volgende metodieke (Sien voorvereistes in OP.1.11.3)</b>			<b>Twee van die volgende metodieke (Opvolg op semester 1)</b>		
ACCD511	Rekeningkundemetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
AFRD511	Afrikaansmetodiek	12	AFRD521	Afrikaansmetodiek	12
ARTD511	Kunsmetodiek	12	LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12
BSTD511	Besigheidstudiesmetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
CATD511	Rekenaartoepassingsmetodiek	12	TECD521	Leerarea Tegnologiemetodiek	12
ECOD511	Ekonomie Metodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
EGDD511	Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek	12	EGDD521	Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek	12
ENGD511	English Methodology	12	ENGD521	English Methodology	12
GEOD511	Geografiemetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
HISD511	Geskiedenismetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
INTD511	Inligtingstegnologiemetodiek	12	TECD521	Leerarea Tegnologiemetodiek	12

LAAD511	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12	LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12
LIFD511	Lewenswetenskappe- metodiek	12	LAND521 of ADSD521	Leerarea Natuurwetenskappe- metodiek of Aanvullende metodiek	12
LLOD511	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek	12	LLOD521 of ADSD521	Leerarea Lewensoriëntering- metodiek of Aanvullende metodiek	12
MATD511	Wiskundemetodiek	12	MATD521	Wiskundemetodiek	12
MSVD511	Musiekmetodiek	12	ADSD521	Aanvullende Metodiek	12
PHSD511	Fisiese Wetenskappemetodiek	12	LAND521 of ADSD521	Leerarea Natuurwetenskappe- metodiek of Aanvullende metodiek	12
RSVD511	Religiestudiesmetodiek	12	LLOD521 of ADSD521	Leerarea Lewensoriëntering- metodiek of Aanvullende metodiek	12
SEMD511	Setswanametodiek (Moedertaal)	12	SEMD521	Setswanametodiek (Moedertaal)	12
SEND511	Setswanametodiek (Nie- Moedertaal)	12	SEND521	Setswanametodiek (Nie- Moedertaal)	12
TRVD511	Toerismemetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
TTED511	VOO Tegnologie Metodiek	12	CTED521 of ETED521 of MTED521	Siviele Tegnologie Metodiek Elektriese Tegnologie Metodiek Meganiiese Tegnologie Metodiek	12
VWVD511	Verbruikerswetenskappe- metodiek	12	TECD521	Leerarea Tegnologiemetodiek	12
ZOND511	Zoeloemetodiek	12	ZOND521	Zoeloemetodiek	12
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>					<b>142</b>

**OP.1.11.4.2 Kurrikulumsamestelling: O160P: Oop Afstandsl eer**

JAAR 1					
Semester 1			Semester 2		
Modulekode	Modulenaam	Kr	Modulekode	Modulenaam	Kr
<b>Fundamentele modules</b>			<b>Fundamentele modules</b>		
COMF411	Rekenaars in die Onderwys	8	LIFF521	Lewensvaardighede	12
<b>Kern modules</b>			<b>Kern modules</b>		
EDCC511	Opvoedkundeteorie	8	EDCC521	Opvoedkundige Sielkunde	12
EDCC512	Assesering	8			
			<b>Kies twee van die volgende</b>		
			AFTB521	Afrikaanstaalbevoegdheid	1
			ENTB521	English Language Proficiency	1
			TWTB521	Setswana Taalbevoegdheid	1
			SSTB521	Sesotho Taalbevoegdheid	1
			ZOTB521	Zoeloe Taalbevoegdheid	1
<b>EEN van die volgende metodieke (Sien voorvereistes in OP.1.11.3)</b>			<b>EEN van die volgende metodieke (Opvolg op semester 1)</b>		
ACCD511	Rekeningkundemetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
BSTD511	Besigheidstudiesmetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
ECOD511	Ekonomie Metodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
ENGD511	English Methodology	12	ENGD521	English Methodology	12
GEOD511	Geografiemetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
HISD511	Geskiedenismetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
LAAD511	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12	LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12
LLOD511	Leerarea Lewensorienteringmetodiek	12	LLOD521 of ADSD521	Leerarea Lewensorientering-metodiek of Aanvullende metodiek	12
MATD511	Wiskundemetodiek	12	MATD521	Wiskundemetodiek	12
MSVD511	Musiekmetodiek	12	ADSD521	Aanvullende Metodiek	12
SEND511	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal)	12	SEND521	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal)	12
<b>Totaal Jaar 1</b>					<b>74</b>

JAAR 2					
Semester 1			Semester 2		
Modulekode	Modulenaam	Kr	Modulekode	Modulenaam	Kr
<b>Fundamentele modules</b>			<b>Fundamentele modules</b>		
TGNO511	Tegnologie	8	TGNO521	Tegnologie	8
<b>Kern modules</b>			<b>Kern modules</b>		
EDCC513	Professionele studies	8	EDCC522	Onderwysreg, -stelsels en -bestuur	12
			EDCC523	Professionele studies	8
<b>EEN van die volgende metodieke (Sien voorvereistes in OP.1.11.3)</b>			<b>EEN van die volgende metodieke (Opvolg op semester 1)</b>		
ACCD511	Rekeningkundemetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
BSTD511	Besigheidstudiesmetodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
ECOD511	Ekonomie Metodiek	12	LABD521 of ADSD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of Aanvullende Metodiek	12
ENGD511	English Methodology	12	ENGD521	English Methodology	12
GEOD511	Geografiemetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
HISD511	Geskiedenismetodiek	12	LASD521 of ADSD521	Leerarea Sosialewetenskappe-metodiek of Aanvullende metodiek	12
LAAD511	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12	LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek	12
LLOD511	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek	12	LLOD521 of ADSD521	Leerarea Lewensoriëntering-metodiek of Aanvullende metodiek	12
MATD511	Wiskundemetodiek	12	MATD521	Wiskundemetodiek	12
MSVD511	Musiekmetodiek	12	ADSD521	Aanvullende Metodiek	12
SEND511	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal)	12	SEND521	Setswanametodiek (Nie-Moedertaal)	12
<b>Totaal Jaar 2</b>					<b>68</b>
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>					<b>142</b>

## OP.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: ACCD511	Semester 1	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Rekeningkundemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• in die konteks van nagraadse studie oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik ten opsigte van lesbeplanning, leerderprogramontwikkeling, onderrig hulpmiddels en onderrigbestuur van die vakmetodiek van Rekeningkunde;</li> <li>• 'n ingeligte begrip te demonstreer van die sleuteltermes, reëls, konsepte, beginsels en teorieë aangaande die aanbieding van Rekeningkunde met verwysing na die Nasionale Kurrikulum;</li> <li>• inligting in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, en inligting samehangend en betroubaar te kan kommunikeer, individueel en in groepsverband; en</li> <li>• inligting te selekteer en die nodige aanbiedingsvaardighede te ontwikkel deur gepaste tegnologie aan te wend in ooreenstemming met Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ADSD521	Semester 2	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Aanvullende Metodiek: Kreatiwiteit vir Opvoeders		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van kreatiewe onderwys te beskik;</li> <li>• 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot kreatiewe onderwysers, leerders en die klaskamer, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in die verband;</li> <li>• oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied;</li> <li>• samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband; en</li> <li>• die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om enige vak effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes op 'n kreatiewe wyse binne die raamwerk van Uitkomsgebaseerde Onderwys aan te bied.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: AFRD511	Semester 1	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Afrikaansmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• leermateriaal en geïntegreerde leerderaktiwiteite te kan saamstel om huistaal- en addisionele taal leerders te begelei in die bereiking van gestelde leeruitkomst;</li> <li>• om gepaste assesseringsvorme, deur middel waarvan leerders in graad 7-12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word, te kan implementeer;</li> <li>• verworwe kennis oor die interpretasie en implementering van die nasionale skoolkurrikulum te kan gebruik om geïntegreerde lesse saam te stel; en</li> <li>• om die voorskrifte van relevante departementele dokumente in breë trekke in ag te neem by die uitvoering van portefeulje-opdragte oor verskillende fasette van die onderrig van Afrikaans.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: AFRD521	Semester 2	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Afrikaansmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• met insig en in fynere besonderhede uitvoering te gee aan die voorskrifte van relevante departementele dokumente wanneer geïntegreerde lesse vir leerders in die Senior Fase saamgestel word én wanneer verslag gedoen word van leerdervordering;</li> <li>• departementele voorskrifte ten opsigte van die samestelling van werkskedules, assesseringsprogramme en lesbeplanning vir die onderrig van Afrikaans aan leerders in Gr. 7-12 te kan uitvoer; en</li> <li>• verskillende handboeke en ander soorte leermateriaal te kan beoordeel ten opsigte van die geskiktheid daarvan vir bepaalde leerdergroepe en bepaalde onderrigsituasies.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		



<b>Modulekode: ARTD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Kunsmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te kan lewer van 'n uitgebreide kennis en insig van kuns-teoretiese en vakterminologiese aspekte wat bekom is gedurende die bereiking van die graadkwalifikasie;</li> <li>• hierdie kennis en insig op 'n kritiese, sinvolle en geïntegreerde wyse toe te pas op alle areas van kunsteorie en geskiedenis in 'n onderrig- en leersituasie in sowel Senior Fase kuns as in Leerarea Kuns en Kultuur;</li> <li>• verskillende modelle van Kunsonderrig krities te kan ontleed en evalueer, en toe te pas op 'n vaardige en selfstandige wyse wat sal bydrae tot die begrip en genot van die vak. (Mikrolesse, klasaanbiede en praktiese onderwys.);</li> <li>• bewys te kan lewer van 'n gevorderde graad van tegniese en praktiese vaardighede en kennis wat leerders se praktiese aktiwiteite sal bevorder en ondersteun, bepaalde take en projekte binne 'n realistiese tyd, ruimtes en hulpbronnepereking te beplan, bestuur en afhandel binne die konteks van 'n onderrig- en leersituasie in veral die Senior Fase;</li> <li>• 'n bevoegdheid te toon om die besonderhede van vakdidaktiese aspekte en waardes deur middel van lesaanbiede in kuns, veral Senior Fase, toe te pas; as ook om bewys te kan lewer van u bevoegdheid om lesse vir spesifieke toepassing op die geïntegreerde en relevante komponente van kuns in die VOO-fase te kan beplan, en binne die konteks van die NKV te gebruik (deur middel van klasaanbiede, werkopdragte, eksamens, mikrolesse en praktiese onderwys);</li> <li>• 'n waarde-beoordeling van kunswerke, teorieë en modelle te kan doen, ook ten opsigte van die teenwoordigheid van bepaalde sensitiewe inhoud, kulturele verskille en aktualiteite daarin, ten einde bewys te kan lewer van u bevoegdheid en vaardigheid om eties-verantwoordelike gedrag te kan openbaar in die keuse van vakinhoude, die samestelling van lesse en die aanbiede van die vak Kuns in die Senior Fase, die VOO-fase en ook selfs in die Leerarea Kuns en Kultuur; en</li> <li>• bewys te kan lewer van 'n goed-gevestigde lewens- en wêreldbeskouing wat sal reflekteer in u vermoë om 'n inklusiewe, geïntegreerde metode van kunsonderrig toe te pas binne 'n multikulturele en multilinguïstiese onderrigsituasie (mikrolesse), praktiese onderwys, klasaanbiede, eksamens, navorsing en werksopdragte).</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: BSTD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Besigheidstudiesmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n volledige, in-diepte en sistematiese kennisbasis te beskik van die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase, onderwyserportefeuljes, leerderprogramme en assessering;</li> <li>• temas te kan identifiseer wat relevant is tot die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase en aktiwiteite te kan beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls te ondersteun;</li> <li>• onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te kan aanwend deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede effektief te kan aanwend om inligting in te samel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer;</li> <li>• probleemoplossingsvaardighede te demonstree ten einde lesse te beplan en aan te bied in Besigheidstudies deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en</li> <li>• didaktiese aspekte van Besigheidstudies effektief aan leerders in die klaskamer te kommunikeer op 'n etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele -en groepsmetodes.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: CATD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Rekenaartoevoegingstegnologiemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• uitgebreide en sistematiese kennis te kan demonstree van toepaslike beleidsdokument van Rekenaartoevoegingstegnologie in die VOO-fase;</li> <li>• grondige praktiese vaardighede te kan demonstree tydens die beplanning, aanbiede en assessering van teoretiese sowel as praktiese RTT-lesse;</li> <li>• die vermoë om uitkomstgebaseerde RTT-onderrig en -leer in die VOO-fase te kan demonstree; en</li> <li>• die etiese gebruik van verskillende RTT-studiemateriaal te kan demonstree en evalueer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: CTED521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Siviële Tegnologie metodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van die veiligheidsaspekte van toepassing in die Siviële tegnologie klaskamer, werkswinkel en perseelbesoek tydens praktiese sessies</li> <li>• geskikte onderrig- en leerpraktieke vir die Siviële tegnologie klaskamer en VOO omgewing te selekteer en toe te pas</li> <li>• 'n Siviële tegnologie opvoedkundige projek te voltooi deur die seleksie en gebruik van toepaslike inligting- en kommunikasiebronne</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: COMF411</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Rekenaars in die Onderwys		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van e-leer asook die beleid aangaande e-Onderwys te demonstreer;</li> <li>• kennis en vaardighede ten opsigte van IKT-integrasie in skole te demonstreer;</li> <li>• probleemoplossingsvermoëns te demonstreer om 'n rekenaargeïntegreerde les te beplan, ontwerp en aan te bied; en</li> <li>• etiese en morele aspekte ten opsigte van die gebruik van IKT in skole krities te evalueer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: ECOD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Ekonomie metodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• in die konteks van nagraadse onderwysstudie oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van die Nasionale Kurrikulum Verklaring en ander verwante departementele beleidsdokumente vir graad 10 – 12 te beskik en te kan toepas en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot klaskamerbestuur, kreatiewe onderwysers en aktiewe leer in die ekonomie-klaskamer;</li> <li>• kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in verband met klaskameradministrasie, -organisasie en rekordhouding te kan doen;</li> <li>• oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting rakende die assessering van ekonomie-onderrig en die beplanning en voorbereiding van 'n ekonomie les effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband; en</li> <li>• die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens die norme en waardes soos deur die Onderwys departement voorgeskryf aan graad 10 – 12 leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwys benadering te kan aanbied.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EDCC511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Opvoedkundeteorie		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breëbasisbegrip van die verskeidenheid opvoedkundeteorieë, idees en konsepte wat die huidige sosiale wetenskap- en opvoedkundige landskap kenmerk, op te doen;</li> <li>• as toekomstige professionele opvoeders in verskillende kontekste (skole, klinieke, kolleges, universiteite, semi-staatsinstellings, nie-regeringsinstellings, ontwikkelingsorganisasies en regeringsinstellings) – 'n minimumvlak van bekwaamheid met betrekking tot die toepassing van die belangrikste opvoedkundeteorieë, idees en konsepte binne hulle (toekomstige) opvoedkundige praktyke sal ontwikkel; en</li> <li>• die vermoë te ontwikkel om hulle eie teoretiese konseptuele begrypings op hulle uitvoering van basiese onderwysgerigte navorsing toe te pas en om hulle eie teoretiese insigte op grond van die resultate van empiriese navorsing te verruim.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EDCC512</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Assessering		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip en toepassing van die teoretiese begroning van uitkomsgebaseerde assessering te demonstreeer;</li> <li>• begrip en toepassing van geïntegreerde assessering te demonstreeer;</li> <li>• begrip en toepassing van inklusiwiteit binne hoofstroomonderwys en die gewone klaskamer te demonstreeer;</li> <li>• die vermoë om te beplan vir onderrig, leer en assessering binne UGO te demonstreeer;</li> <li>• oor die vermoë om Uitkomsgebaseerde assessering uit te voer;</li> <li>• oor begrip en toepassing besik van rekordering, rekordhouding en rapportering in 'n UGO benadering; en</li> <li>• begrip en toepassing van kwaliteitsversekering van assessering te kan demonstreeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Portefeulje assessering 50 %		

<b>Modulekode: EDCC513</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Professionele Studies		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis ten opsigte van die teoretiese begroning en beginsels van 'n uitkomsgebaseerde kurikulum te kan demonstreeer;</li> <li>• komponente van 'n uitkomsgebaseerde kurikulum te identifiseer en te verduidelik;</li> <li>• die Nasionale kurikulumverklarings en ander relevante beleide te interpreteer;</li> <li>• 'n leerprogram, 'n werkskedule en 'n les te ontwerp deur gebruik te maak van UGO beginsels;</li> <li>• fundamentele kennis en vaardighede te demonstreeer in die seleksie, beplanning en implementering van die direkte en indirekte onderrigstrategieë en die toepassing van relevante onderrigmetodes en vaardighede;</li> <li>• professionele portefeuljes te ontwikkel en te bestuur; en</li> <li>• toepaslike kennis, vaardighede en houdings te kan toepas in praktiese onderwys.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EDCC521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Opvoedkundige Sielkunde		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis van die teoretiese begroning van opvoedkundige en gemeenskapsielkunde asook die ekosistemiese perspektief te demonstreeer;</li> <li>• op te tree as 'n agent vir verandering deur die teoretiese begroning van opvoedkundige en gemeenskapsielkunde asook die ekosistemiese perspektief te integreer in hul onderwyspraktik;</li> <li>• goed-geronde (fundamentele en in-diepte) kennis van gesondheidsbevordering in diverse onderwyskontekste te demonstreeer;</li> <li>• fundamentele kennis van Inklusiewe Onderwys te demonstreeer en om hierdie kennis so te integreer om omgewings te skep wat alle leersers waardeer; en</li> <li>• die leerder te verstaan as 'n ontwikkelende persoon in terme van die ekosistemiese perspektief en krities te reflekteer op interpersoonlike dinamika in die onderwysopset.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EDCC522</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Onderwysreg, -stelsels en -bestuur		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• by te dra tot kwaliteit onderwys in 'n diverse gemeenskap;</li> <li>• oor 'n diepe kennis te beskik en begrip van die aard en doelwitte van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel; die vermoë om binne die onderwysstelsel te funksioneer tot die voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en om by te dra tot vind van oplossings vir uitdagings;</li> <li>• die vermoë om onderwysbestuur teorie en praktyk te integreer om professionele klaskamerbestuursvaardighede te ontwikkel in 'n diverse en veranderende nasionale en internasionale konteks;</li> <li>• kennis en begrip van onderwysreg beginsels, en die vermoë om wetgewing en beleid korrek te implementeer en toe te pas om 'n verantwoordelike, onafhanklike en bydraende lid van die professionele onderwys-gemeenskap te word; en</li> <li>• die vermoë om eksterne invloede op die onderwysstelsel en die klaskamer te assesser om kritiese, kreatiewe en reflektiewe probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel binne die konteks van die onderwys asook die gemeenskap.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EDCC523</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Professionele Studies		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• teoretiese kennis, praktiese vaardighede en die vereiste gesindheid ten opsigte van werkgeïntegreerde leer te openbaar;</li> <li>• kennis en insig aangaande die etiese aspekte van onderwys as 'n professie en die SARO gedragskode te demonstree;</li> <li>• kennis, begrip en vaardighede ten opsigte van refleksie as selfontwikkelingsinstrument te demonstree; en</li> <li>• onderrigleermateriaal (media) vir die onderrig-leersituasie te identifiseer, te maak, integreer en evalueer.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering vir deelnamepunt 50 %		
Teoretiese eksamen 50 %		
* Werkgeïntegreerde Leer: Student moet aan al die vereistes voldoen om te kan slaag in EDCC523.		

<b>Modulekode: EGDD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor grondige kennis beskik ten opsigte van die uitkomst van Ingenieursgrafika en Ontwerp volgens die NKV;</li> <li>• oor die vermoë beskik om die drie beplanningsfasies van UGO in die klassituasie te kan toepas;</li> <li>• oor grondige kennis te beskik van die Turbo CAD Tekenprogram; as aanbiedings metode in Ingenieursgrafika en ontwerp; en</li> <li>• vaardighede wat bekom is aangaande Turbo CAD te kan aanwend en sy/haar kennis van Ingenieursgrafika en -Ontwerp in die beplanningsfasies vir lesse en geselekteerde voorbereiding te doen vir klaskameraktiwiteite.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: EGDD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Ingenieurs Grafika en Ontwerpmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor grondige kennis beskik van die Solid Works Rekenaargesteunde Tekenprogram vir die gebruik vir klaskamerpraktik in die Ingenieurs grafika en ontwerp skoolvak;</li> <li>• voorbereiding van parte, samestellings en sketse kan maak op Solid Works;</li> <li>• die vaardighede wat hy/sy met Solid Works opgedoen het gebruik om Solid Works didakties te kan aanbied in die Ingenieursgrafika en -ontwerp;</li> <li>• daarmee lesvoorbereiding en assessering kan doen van geselekteerde klaskameraktiwiteite; en</li> <li>• 'n CAD program met 'n parametrisiese CAD program kan vergelyk.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Module code: ENGD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF-level: 6 pending 7</b>
Titel: English Methodology		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• demonstrate well-rounded knowledge of SLA learning and teaching theories as well as Methodological approaches</li> <li>• apply policy document (outcome of the generic module EDCC512) in the different phases at school level for teaching English and to interpret learning outcomes for the outcomes of each phase;</li> <li>• demonstrate systematic and comprehensive skills in the planning and execution of English lessons, integration with other learning areas and interpretation of the policy documents ;</li> <li>• demonstrate sophisticated competence as educator and in the selection of appropriate learning material and teaching strategies for all phases; and</li> <li>• demonstrate refined and cultivated values regarding the English language teaching profession, and showing responsibility towards learners and the community.</li> </ul>		
Method of delivery: Full-time, ODL		
Methods of assessment:		
Continuous assessment 50 %		
1x3 hour written examination 50 %		

<b>Module code: ENGD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF-level: 6 pending 7</b>
Title: English Methodology		
Module outcomes: On completion of this module the student should be able to:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• demonstrate comprehensive knowledge of principles regarding the planning of lessons for teaching of English First Additional Language for Senior and FET Phases;</li> <li>• demonstrate well-rounded knowledge of SLA learning and teaching theories as well as Methodological approaches</li> <li>• apply policy document (outcome of the generic module EDCC512) in the different phases at school level for teaching English and to interpret learning outcomes for the outcomes of each phase;</li> <li>• demonstrate systematic and comprehensive skills in the planning and execution of English lessons, integration with other learning areas and interpretation of the policy documents ;</li> <li>• demonstrate sophisticated competence as educator and in the selection of appropriate learning material and teaching strategies for all phases; and</li> <li>• demonstrate refined and cultivated values regarding the English language teaching profession, and showing responsibility towards learners and the community.</li> </ul>		
Method of delivery: Full-time, ODL		
Methods of assessment:		
Continuous assessment 50 %		
1x3 hour written examination 50 %		

<b>Modulekode: ETED521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Elektriese Tegnologie metodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstree van die veiligheidsaspekte van toepassing in die Elektriese tegnologie klaskamer, werkswinkel en perseelbesoeke tydens praktiese sessies</li> <li>• geskikte onderrig- en leerpraktieke vir die Elektriese tegnologie klaskamer en VOO omgewing te selekteer en toe te pas</li> <li>• 'n Elektriese tegnologie opvoedkundige projek te voltooi deur die seleksie en gebruik van toepaslike inligting- en kommunikasiebronne</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: GEOD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Geografiemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om spesifieke vaardighede geïntegreerd toe te pas om 'n Geografie-leerervaring kreatief te ontwerp en effektief te implementeer;</li> <li>• die teorie en praktiese komponente te integreer met spesifieke verwysing na kurrikulumontwikkeling en ook as 'n kurrikulumbeplanner op te tree;</li> <li>• tussen die verskillende onderrig- en leerstyle, beskikbare onderwysstrategieë, -metodes en -tegnieke te onderskei en te evalueer watter die effektiwste keuses vir spesifieke leerinhoud in Geografie is en dit daarna op kreatiewe, logiese en sistematiese wyse in die praktyk implementeer;</li> <li>• oor deeglike en sistematiese kennis te beskik om geïntegreerde kritiese vaardighede toe te pas om te verseker dat die korrekte summatiwye en formatiewe aaneenlopende assesseringsmetodes, -tegnieke, toetsing en eksaminering van Geografie-kennis korrek geïmplementeer word; en</li> <li>• die effektiwste bestuur en organisering van 'n Geografie-klaskamer, asook die bestuur en evaluering van 'n Geografie-departement en personeel te analiseer en te implementeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: HISD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Geskiedenismetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n uitgebreide en sistematiese kennis van die Geskiedenis metodiek te demonstree binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;</li> <li>• uitgebreide vaardighede te demonstree in die analisering en sintetisering van bronne; die beplanning, ontwerp en implementering van verskillende assesseringsstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules);</li> <li>• die bevoegdheid te demonstree om bronne te analiseer en te sintetiseer en prakties te beplan; die ontwerp en implementering van verskillende assesseringsstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); en</li> <li>• waardes van eties-professionele aard te demonstree met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: INTD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Inligtingstegnologiemetodiek</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• uitgebreide en sistematiese kennis te demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, die kurrikulum en werkskedules in toepaslike leerkontekste, 'n verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is, sowel as leer materiaal vir Inligtingstegnologie en die organisasie en administrasie van die rekenaarsentrum;</li> <li>• grondige vaardighede te demonstreer in die analise, interpretasie en toepassing van departementele dokumentasie rakende Inligtingstegnologie, die beplanning, aanbieding en evaluering van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning, implementering en evaluering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om leerkontekste werkskedules te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak en toepaslike leeraktiwiteite te ontwikkel om leerders se bereiking van spesifieke leerdoelwitte te meet; en</li> <li>• die vermoë te demonstreer om die profiel van die ideale Inligtingstegnologie-fasiliteerder te evalueer en te debatteer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: LAAD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis te kan demonstreer van die onderrig van Afrika-kunste, didaktiese beginsels, soos om lesse, werkskedules en 'n leerprogram in die leerarea Kuns en Kultuur te kan beplan, oor kunste-onderrigmetodes en assessering in die kunste te kan debatteer en jou eie voorkeur te kan motiveer;</li> <li>• onafhanklik die waarde van spel in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan evalueer en musiek- dans-, drama- en visuele kunstspelletjies te kan fasiliteer;</li> <li>• bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer, ontleed en deur praktiese onderrigvaardighede tydens mikro-lesse en praktiese onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan toepas; en</li> <li>• alle opinies vanuit jou goed gevestigde lewens- en wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl jy Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys aanbied en jy moet bewus wees van die sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n sekere konteks.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: LAAD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te kan lewer van 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van onderrig in geïntegreerde Kunste; multikulturele Kunste en inklusiewe Kunste;</li> <li>• verskillende modelle waarvolgens die Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Senior Fase geïntegreer kan word, krities te kan ontleed en sintetiseer en onafhanklik te kan evalueer;</li> <li>• bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur genres toe te pas wat inherent geïntegreer is, soos teater- en musikale storievertelling; en</li> <li>• alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u inklusiewekunste-onderrig in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys toepas, en bewys te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n bepaalde konteks.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: LABD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• in-diepte kennis en begrip van die Nasionale Kurrikulumverklaring van toepassing op die leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die senior fase te demonstreer ten opsigte van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband;</li> <li>• om relevante temas te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun;</li> <li>• bekende en abstrakte inligting te gebruik, asook die gebruik van grafieke en teoriegedrewe argumente en rekenaarvaardighede om inligting in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in EBW;</li> <li>• EBW eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes; en</li> <li>• 'n les te beplan, voor te berei en aan te bied aan die hand van die leeruitkomst en assesseringstandaarde soos vervat in die Nasionale Kurrikulum verklaring vir die seniorfase.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: LAND521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Leerarea Natuurwetenskappemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig te demonstreer: Die aard en struktuur van Natuurwetenskap, Uitkomst in Natuurwetenskap en die Lesplan in Natuurwetenskap;</li> <li>• sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun;</li> <li>• probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; en</li> <li>• 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoud te openbaar.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: LASD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Leerarea Sosialewetenskappemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n kritiese beskouing van die plek van die leerarea Sosiale Wetenskappe binne UGO weer te gee asook die plek van Geskiedenis en Geografie binne die leerarea Sosiale Wetenskappe te kan analiseer en te evalueer;</li> <li>• 'n brongebaseerde benadering in die leerarea Sosiale Wetenskappe geïntegreerd en kreatief te implementeer en ook te kan aanwend as 'n summatiewe en formatiewe assesseringstegniek;</li> <li>• oor afgeronde, sistematiese kennis te beskik om 'n Geografie en Geskiedenis leerervaring sistematies en kreatief te kan ontwerp en as sub- dissiplines van die Sosiale Wetenskappe te kan implementeer en te kan demonstreer wat insluit die gebruik van verskillende onderwystegnieke soos byvoorbeeld inligting en kommunikasie tegnologie;</li> <li>• oor die grondige kennis en toepaslike vaardighede te beskik om binne die breë raamwerk van Uitkomstgebaseerde onderwys algemene onderrigbenaderings in leerervarings van die Sosiale Wetenskappe te kan ontwerp en demonstreer;</li> <li>• oor die grondige kennis en toepaslike vaardighede te beskik om 'n gevorderde Geografie- en Geskiedenisles, as subdissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp, te implementeer en te demonstreer asook kundig en kreatief ander leerareas hierby te integreer. Verder moet die leerder die onderskeie onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe verstaan en evalueer om gevolglik die korrekte benadering effektief in leerervarings te implementeer asook kreatief en effektief van gepaste onderrighulpmiddels gebruik te maak. Die leerder moet ook in staat wees om 'n gepaste omgewingsprojek, as deel van omgewingswaarde opvoeding, te inisier, te bestuur en te assesser volgens die korrekte UGO-beginsels en –voorskrifte;</li> <li>• gepaste leerervarings, werkkaarte, assesseringsrubrieke, toetse/eksamens en memorandum aangaande sinoptiese weerkaarte, topografiese kaarte en lugfoto's kreatief volgens UGO en geografies-didaktiese beginsels te ontwerp, asook die doeltreffende integrering van ander leerareas, GEOD511 en HISD511; en</li> <li>• oor die nodige kennis en vaardighede te beskik om grafieke en diagramme in die Sosiale Wetenskappe te konstrueer, te gebruik en in gepaste Sosiale wetenskap temas te integreer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFD511	Semester 1	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Lewenswetenskapemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende: Ontwerp van leerderprogramme (vakraamwerk, werkskedule en lesplan); gepaste Assesseringsinstrumente in Lewenswetenskappe te ontwerp; Laboratoriumtegnieke toe te pas; Omgewingsopvoeding met Lewenswetenskappe inhoud te integreer;</li> <li>• probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los asook om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun;</li> <li>• probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; en</li> <li>• 'n waardering te demonstreer vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar gestel word aan 'n Lewenswetenskappe-onderwyser.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFF521	Semester 2	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Lewensvaardighede		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis oor sake wat verband hou met diversiteit, MIV/Vigs, waardes en omgewingsopvoeding te demonstreer;</li> <li>• begrip van toepaslike vaardighede, houdings en waardes te demonstreer om by te dra tot die skep van 'n gesonde omgewing; en</li> <li>• MIV/Vigs, diversiteit, waardes en omgewingsopvoeding in die klaskamer te integreer.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LLOD511	Semester 1	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Lewensoriënteringmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n allesomvattende en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met betrekking tot die aanbieding van die vier fokusareas van Lewensoriëntering in die VOO-fase, te demonstreer;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë, teks, metodes en strategieë met betrekking tot die aanbieding van Lewensoriëntering in die VOO-fase, te interpreteer, verander, evalueer en toe te pas;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om onbekende, konkrete en abstrakte probleme met betrekking tot die beplanning en implementering van Lewensoriëntering leerprogramme vir die VOO-fase op te los, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede en bewys te lewer van die teoretiese begronding; en</li> <li>• eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorms van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die beplanning en aanbieding van Lewensoriëntering in die VOO-fase.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LLOD521	Semester 2	NKR-vlak: 6 hangende 7
Titel: Leerarea Lewensoriënteringmetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die uitkomst vir die Senior Fase op so 'n wyse toe te pas dat dit leerder-gesentreerde en aktiwiteitgebaseerde leeraktiwiteite sal aanmoedig en ook die kritiese sowel as die spesifieke uitkomst vir die graad/grade waarvoor opgelei word sal kan identifiseer en die rasionaal daarvan kan motiveer;</li> <li>• selfkennis en beroeps-kennis te kan motiveer in die Senior Fase as die twee belangrikste komponente in beroepsbeplanning, die proses aandui oor hoe inligting oor werk bekom word en deur middel van vraelyste en selfhelpinstrumente hierdie aspekte by leerders kan evalueer;</li> <li>• gesondheidsontwikkeling en persoonlike welstand te kan toepas en inoefen in die Senior Fase sodat dit leerdergesentreerde en gepaardgaande aktiwiteit in die klaskamersituasie aangemoedig kan word;</li> <li>• inklusiewe onderlig te kan evalueer aan die hand van persoonlikheidsienskappe en persoonlike ontwikkelingsaspekte; en</li> <li>• fisiese ontwikkeling en Bewegingsopvoeding in die Senior Fase te kan toepas en inoefen sodat dit leerdergesentreerde en gepaardgaande aktiwiteite in die klaskamersituasie kan aangemoedig.</li> </ul>		
Metode van aflerwing: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		



<b>Modulekode: MATD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Wiskundemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer ten opsigte van die beplanning van kragtige onderrig- en leergeleenthede in die wiskundeklaskamer, met spesifieke verwysing na die volgende		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die onderrig en leer van wiskunde wêreldwyd en binne die konteks van hervorming;</li> <li>• assessering van en vir die leer van wiskunde;</li> <li>• die effektiewe gebruik van tegnologie in die onderrig en leer van skoolwiskunde;</li> <li>• die waarde van wiskunde in die werklike lewe deur die aanbieding van mikrolesse en voltooiing van opdragte.</li> <li>• 'n waardering vir die waarde van wiskunde in die werklike lewe te illustreer deur kommunikasie en gedrag.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: MATD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Wiskundemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• konseptuele en pedagogiese kennis, insig en vaardighede toe te pas ten opsigte van <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ die inhoud en struktuur van die wiskundekurrikulum van toepassing op die seniorfase en die VOO-band,</li> <li>▪ die implementering van wiskundige gelettertheid as 'n verpligte vak in die VOO-band,</li> <li>▪ die effektiewe onderrig van wiskunde in veeltalige klaskamers,</li> <li>▪ die waarde van wiskunde in die werklike lewe.</li> </ul> </li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: MSVD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Musiekmotodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis te kan demonstreer aangaande die didaktiese beginsels wanneer die volgende leeruitkomst in Musiek (Gr 10-12) gefasiliteer word: musiekuitvoering (individueel en in ensembles); improvisasie, verwerking en komposisie; musikale gelettertheid en die kritiese besinning oor Afrika- en wêreldwye musikale prosesse, praktyke en produkte;</li> <li>• verskillende lesplanne, werkskedules, leerprogramme te evalueer en te skep en assesseringspraktyke in Musiek in die VOO-fase onafhanklik te evalueer en toe te pas;</li> <li>• bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer, ontleed en deur praktiese onderrigvaardighede tydens mikro-lesse en praktiese onderwys in Musiek in die VOO-fase te kan toepas; en</li> <li>• alle opinies vanuit jou goed gevestigde lewens- en wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl jy Musiek (Gr 10-12) tydens mikro-lesse en praktiese onderwys aanbied. Jy moet ook bewys wees van die sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n sekere konteks.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: MTED521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Meganiese Tegnologie metodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van die veiligheidsaspekte van toepassing in die Meganiese tegnologie klaskamer, werkswinkel en perseelbesoeke tydens praktiese sessies</li> <li>• geskikte onderrig- en leerpraktyke vir die Meganiese tegnologie klaskamer en VOO omgewing te selekteer en toe te pas</li> <li>• 'n Meganiese tegnologie opvoedkundige projek te voltooi deur die seleksie en gebruik van toepaslike inligting- en kommunikasiebronne</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: PHSD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Fisiese Wetenskappemotodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die kennis en vaardighede te toon wat hulle verkry het met betrekking tot: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ integrasie van pedagogiese en Fisiese Wetenskaplike kennisinhoud</li> <li>▪ progressie van kennis en prosesvaardighede van Fisiese Wetenskap van graad 7 tot 12</li> <li>▪ aard van wetenskap en verhoudings tussen wetenskap, tegnologie, die gemeenskap en die omgewing.</li> <li>▪ leerteorieë en onderrigstrategieë soos toegepas in Fisiese Wetenskap</li> <li>▪ assesseringsmodelle in Fisiese Wetenskap</li> <li>▪ laboratoriumbestuur</li> </ul> </li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: RSDV511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Religiestudietodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die nasionale kurikulum verklaring (NKV) van toepassing op Religiestudies in die VOO-fase krities te kan analiseer, te sintetiseer en te evalueer;</li> <li>• die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van die onderwyser sowel as die leerder se portefeulje en ook te kan assesser wat sal lei tot die professionele ontwikkeling van die student sowel as die aanbieding vir leerders wat die vak Religiestudies sal neem; en</li> <li>• inligtingherwinning- en -verwerkingsvaardighede te implementeer om navorsing te doen oor religie as sosiale verskynsel en die resultate volgens aanvaarbare formaat in skriftelike en mondelinge vorm weer te gee met die effektiewe gebruik van tegnologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: SEMD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>Tekanyo Ya NQF: 6</b>
Titel: Setswanametodiek (Moedertaal)		
Module-uitkomst: Kwa bkohutlong jwa moju lu o, tshwanets go:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• go supetsa mekgwa ya go ruta le go ithuta puo ya Seaforika jaaka leleme la nthla mo phapisboruetong;</li> <li>• go supetsa kitso e e lotaganeng e e rulaganeng ya diteori tsa go ruta thutapuo le thutadithangwa ka tiriso ya mekgwa ya OBE le PKB mo mephatong ya 4-6; 7-9; kgotsa 10-12;</li> <li>• go supetsa bokgoni jwa go ruta thutapuo ka tiriso ya thutadithangwa tsa Setswana;</li> <li>• go supetsa kitso e e lotaganeng ya ditokomane tsa Lefapha la Thuto bogolosegolo tse di maleba le dithuto tsa Puo;</li> <li>• go supetsa go thaloganya tiro le tiriso ya maemo a tekanyetso mo phapisborutelong ya Dipuo;</li> <li>• go puo, jwa go akanya le go neela mabaka;</li> <li>• go rulaganya maitemogelo a thuto le go a diragatsa;</li> </ul>		
Mekgwa Wa Go Ruta: Full-time		
Mekgwa Ya Go Tlathhoba:		
Tlathhobo e e tsweleng 50 % Diura tsa tlathhobo e e kwadiwang 1x2 hour ke 50 %		

<b>Modulekode: SEMD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>Tekanyo Ya NQF: 6</b>
Titel: Setswanametodiek (Moedertaal)		
Module-uitkomst: Kwa bkohutlong jwa moju lu o, tshwanets go:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• go thama ditiragatso tsa go ithuta go nonofisa bokgoni jwa puo mo dikgatong tse di farologaneng;</li> <li>• go supetsa kitso e e lotaganeng e e rulaganeng le go bopa lenaathuto le seju lu ya tiro ya thuto ya Setswana ya mephatso e e farologaneng;</li> <li>• go supetsa le go thalosa mekgwa e e farologaneng e e maleba ya tekanyetso ya thuto ya Puo;</li> <li>• go thama le go tshola direkoto tsa tekanyetso;</li> <li>• go go sekaseka le go anaanela ditokomane tsa Lefapha la thuto tse di maleba le thuto ya Dipuo;</li> <li>• go supetsa go thaloganya dikarolo tse supa tsa morutabana, bogolosegolo yo o rutang Dipuo.</li> </ul>		
Mekgwa Wa Go Ruta: Full-time		
Mekgwa Ya Go Tlathhoba:		
Tlathhobo e e tsweleng 50 % Diura tsa tlathhobo e e kwadiwang 1x2 hour ke 50 %		

<b>Modulekode: SEND511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Setswanametodiek (Nie-moedertaal)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te dra van die leerarea tale en bewys wees van die doelstellings, kenmerke en omvang daarvan.</li> <li>• benaderings in die onderrig van Afrikatale te ken en kennis dra van die regte benadering wat gevolg word in die onderrig van Setswana; bewys lewer van verworwe Setswana hoofvakkennis;</li> <li>• kennis te dra van die verskillende metodes van vreemdetaalverwerking en die faktore wat dit beïnvloed;</li> <li>• vertrouwd te raak met die beleidsdokumente en handleidings van die Departement van Onderwys en weet hoe om dit aan te wend;</li> <li>• die vermoë te verwerf om h verantwoordelike onderwyser te kan word deurdat lesbeplanning deeglik gedoen kan word en daarvolgens aan te bied.</li> <li>• inleidende kennis te toon van die beplanning van leerprogramme, werkskedules en volledige lesplanne en assessering vir Setswana 2de addisionele taal en bewese vakkennis van Setswana.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: SEND521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Setswanametodiek (Nie-moedertaal)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te toon in die metodes van die onderrig van lees, luister, skryf en praat in die UGO Setswana klaskamer;</li> <li>• taal, lees en letterkunde te kan onderrig en toetse, eksamens en memoranda te kan opstel;</li> <li>• bevoegdheid te toon om taal en letterkunde lesse te kan uitwerk en taal- en letterkunde so aan te bied dat mondelinge en leesvaardighede ook aangespreek kan word en;</li> <li>• regverdige objektiewe assessering van taal, lees en letterkunde te kan doen en ook weet hoe om remediërend te kan optree waar nodig.</li> <li>• kennis te kan toon in die administrasie van die Setswana Klaskamer en bewys wees van al die maniere van rekordering wat gedoen moet kan word van leerderprofiel en alle assessering, differensiasie en integrasie verstaan, vereistes van hulpmiddels en taalspeletjies ken, verskillende media van RGO in die onderrig van taal ken en teorie betreffende die reël van uitstappies ken;</li> <li>• vaardighede en bevoegdheid toon in die administrasie van die Setswana Klaskamer en bewys lewer van al die maniere van rekordering wat gedoen moet kan word van leerderprofiel en alle assessering, differensiasie en integrasie toon in lesbeplanning en aanbidding, vereistes van hulpmiddels en taalspeletjies maak en, verskillende media van RGO in die onderrig van taal korrek kan aanwend.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: TECD521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Leerarea Tegnologiemetodiek</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis oor die NKV dokument met betrekking tot die leerarea Tegnologie te demonstreer;</li> <li>• interpretasie en ontwerpvaardighede toe te pas in die ontwikkeling en beplanning van leerprogramme, werkskedules en lesbeplanning;</li> <li>• omvattende kennis van die verskillende onderrig-leer en assesseringstrategieë wat geskik is vir die leerarea Tegnologie te toon;</li> <li>• begrip te demonstreer oor die aard van organisering en bestuur van h praktiese tegnologie klaskamer en werkswinkel, insluitend veiligheidsaspekte relevant tot praktiese tegnologie take.</li> <li>• relevante kennis en vaardighede in die praktiese onderrig van die leerarea Tegnologie toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: TGN0511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
<b>Titel: Tegnologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• h basiese agtergrondkennis oor die leerarea Tegnologie te demonstreer;</li> <li>• die probleemoplossende en kreatiewe aard van die leerarea Tegnologie en die unieke metodologie daarvan in onderrig te kan toepas;</li> <li>• kennis, begrip en insig rakende Tegnologie en Tegnologie Opvoeding te toon met die toepassing daarvan in die onderwyspraktik en dit te analiseer;</li> <li>• die rol wat tegnologie-opvoeding in welvaartskepping in h land speel te evalueer;</li> <li>• h etiese en verantwoordelike houding tydens die onderrig in die leerarea Tegnologie te demonstreer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: TGN0521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Tegnologie		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende kennis van al drie leeruitkomstes en assesseringstandaarde in die senior fase, insluitend strukture, stelsels en beheer en prosessering te demonstreeer;</li> <li>• die beginsels van uitkomstgebaseerde assessering in die leerarea Tegnologie vir die senior fase te kan demonstreeer; en</li> <li>• die toepassing van die verwerfde kennis en vaardighede te demonstreeer in die rol van tegnologie onderwyser.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds, OAL		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: TRVD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Toerisismetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te demonstreeer van die toepassing van die NKV en die CAPS dokument</li> <li>• kennis te demonstreeer van die inhoud van die leeruitkomst van Toerisme of die onderwerpe (Topics) van die CAPS en dit te kan analiseer en interpreteer;</li> <li>• vaardighede te demonstreeer in die beplanning van lesse en ander aktiwiteite vir Toerisme</li> <li>• gepaste onderrigmetodes in Toerisme kan toepas</li> <li>• alle aspekte van Assessering in Toerisme kan ontwerp en toepas</li> <li>• vaardigheid te demonstreeer in die kies en ontwikkeling van leermateriaal, en inligting oor toerisme te versamel en te interpreteer;</li> <li>• vaardighede te demonstreeer om leerders effektief in die klaskamer te bestuur sodat onderrig kan plaasvind; en</li> <li>• etiese waardes te demonstreeer deur respek te toon vir kulturele diversiteit, verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en die omgewing en om effektief te kommunikeer sonder vooroordeel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: TTED511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: VOO Tegnologiemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die rasionaal van Tegnologie onderrig in skole te kan beskryf en verduidelik, sowel as die realiteite wat die Suid-Afrikaanse skole in die gesig staar aangaande die onderrig van Tegnologie in die VOO fase te kan beredeneer.</li> <li>• 'n gefundeerde kennis te demonstreeer van die NKV van VOO Tegnologie in hierdie fase; en</li> <li>• die vermoë te demonstreeer om gepaste beplanning in VOO Tegnologie fase te kan doen in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie met kennis van die Tegnologiese proses.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: VWVD511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Verbruikerswetenskappemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis van die NKV dokument met betrekking tot Verbruikerstudie en Gasvryheidstudie te kan demonstreeer;</li> <li>• interpretasie en ontwerp vaardighede in die ontwikkeling en beplanning van leerprogramme, werkskedules en lesplanne te kan toepas;</li> <li>• omvattende begrip te toon vir die verskillende onderrig-leer en assesseringsstrategieë wat toepaslik is vir Verbruikerstudie en Gasvryheidstudie;</li> <li>• 'n begrip van die aard van organisering en bestuur van 'n praktiese klas insluitend veiligheidsaspekte relevant tot praktiese take te demonstreeer;</li> <li>• relevante kennis en vaardighede in die praktiese onderrig van Verbruikerstudie en Gasvryheidstudie toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

<b>Modulekode: ZOND511</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Zoeloemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die teorie en praktyk van die verkryging van vreemde taal te ken;</li> <li>• die UGO beleidsdokument effektief te gebruik in die leerarea;</li> <li>• die UGO terminologie te ken en verstaan;</li> <li>• die verskillende taalassesserings metode te ken;</li> <li>• die taalvaardighede te bemeester, aan te bied en die leerervaring te struktureer;</li> <li>• die Zoeloe klaskamer te organiseer en te bestuur;</li> <li>• die verskillende onderrigmedia en onderwys hulpmiddele te ken; en</li> <li>• die teorie en gebruik van die vervaardiging van onderrigmedia te ken.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

**WORD NIE IN 2014 AANGEBIED**

<b>Modulekode: ZOND521</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6 hangende 7</b>
Titel: Zoeloemetodiek		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en vaardighede van die teoretiese werk in ZOND511 toe te pas en te demonstreeer;</li> <li>• die UGO vereistes om te onderrig in die senior fase toe te pas;</li> <li>• die relevante inligting vir gebruik in die Zoeloe klaskamer te versamel, analiseer en organiseer;</li> <li>• die verskillende onderrigmedia en onderwys hulpmiddele te gebruik; en</li> <li>• onderrigmedia te gebruik.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

**WORD NIE IN 2014 AANGEBIED**